Dr Hans Fransen (1931-2017)

Huldeblyk



Die bekende kultuurhistorikius, museumkundige en bewaringsvoorvegter dr Hans Fransen is onverwags op 86-jarige leeftyd oorlede. Die afgelope jare is hy en sy vrou, Marie Anneen van Zyl, met wie hy in 1966 getroud is, in Huis Nuweland versorg.

Hans is 1931 in Amsterdam, Nederland, gebore waar hy sy studie in argitektuur begin, maar nie voltooi het nie. In 1954 verhuis hy na Suid-Afrika en behaal hier sy BA-graadgraad in Kunsgeskiedenis (UNISA,1968) en sy PhD (Kunsgeskiedenis, Universiteit van Natal, 1981), dit terwyl hy by verskillende instansies gewerk het (o.a. as redaksie-assistent en proefleser by die *Die Burger*). Hy het egter sy nis gevind in die museum- en kunswêreld en vanaf 1962 poste beklee as waarnemende kurator van die Michaelis-versameling in Kaapstad (1962-64), Kurator van die Stellenbosch-museum (1965-69), en Groot Constantia (1970-74) en assistent-direkteur van die SA Nasionale Kunsgalery (1975-80). In 1980 verhuis hy en sy gesin na Pietermaritsburg, waar hy tot 1989 senior lektor in Kunsgeskiedenis was by die Universiteit van Natal. In 1990 keer hy na Kaapstad terug en werk hier tot 2001 as ’n baie aktiewe en gewilde direkteur van die Michaelis-versameling op die Groentemarkplein. Hier het hy meer as 30

uitstalkatalogi en brosjures en talle artikels in gespesialiseerde tydskrifte bygedra. Sy gereelde rubriek in die *Kultuurkroniek* van *Die Burger* was baie gewild.

Ook het hy ’n aantal belangrike boeke en hoofstukke in boeke bygedra oor kuns en argitektuur. Sy magnum opus is ongetwyfeld sy *The old Buildings of the Cape* (saam met Mary Cooks). Dit gee ’n beskrywing van meer as 5 700 belangrike ou geboue, met ruim 700 illustrasie en foto’s wat meestal deur homself geneem is. Hans het my vertel dat hy vir hierdie boek 25 000 km per motor afgelê het en 5 000 km per fiets. Alleen vir hierdie boek verdien hy reeds ‘een lintje’. ’n Ander werk wat uitstaan, is sy *Old towns and Villages of the Cape*, wat in 2005 verskyn het. Dit is die eerste omvattende studie van die fisiese geskiedenis van meer as 1 000 ouer Kaapse stede, dorpe en gehugte uit die voormalige Kaapse Kolonie, ook weer met talle foto’s wat meestal deur Hans self geneem is. Sy vrugbare oeuvre is afgesluit met ’n boek oor Eric Laubscher en een oor die Kaapse Barokkuns, wat in 2014 verskyn het.

Hans was baie gewild en bedrywig in kunskringe en ’n aktiewe lid en dikwels bestuurslid van ’n verskeidenheid kuns-, kultuur- en erfenisorganisasies, waaronder die SA Kunsvereniging, die Stigting Simon van der Stel, die Volksboukundige Vereniging, die SA Museumvereniging en ook as raadslid van die Van Ewijck-Stigting. Orals het hy op sy eie sjarmante en intelligente manier sy enorme kennis bygedra, met veel humor en wysheid. Terwyl hy hoof was van die Michaelis-versameling is Suid-Afrikaanse kuns- en kultuurinrigtings - geïnspireer deur die apartheidfilosofie - deur die owerhede gesplits in ’n Afdeling Eie Sake en Algemene Sake. Die Michaelis-versameling was nou onder Eie Sake, tot groot verdriet maar ook hilariteit van sy direkteur. Gelukkig is nie lank daarna nie weer hiermee weggedoen.

Ook op sportterrein het Hans uitgeblink. Hy was baie trots daarop dat hy 6 Comrades-maratons en verskeie plaaslike fietstoere voltooi het, dikwels saam net sy dogter, Karin. Hy was ook ’n groot musiekkenner en -liefhebber en het tot laat in sy lewe selde ’n Kaapstadse Simfonie-konsert gemis.

Erkenning vir sy groot kulturele bydrae het nie uitgebly nie. In 1984 ontvang hy die eremedalje van die Stigting Simon van der Stel; in 1993 die *Cape Times*-toekening vir Bewaring; in 2001 word hy Ridder in die Nederlandse Koninklijke

Orde Van Oranje-Nassau; in 2008 ontvang hy ’n eredoktoraat van die Universiteit van Stellenbosch en in 2016 die silwer medalje van die Stigting VOC.

Almal wat Hans geken het, persoonlik of deur sy enorme kulturele bydrae, sal hom baie mis. Hy word oorleef deur sy vrou, Anneen, dogter Karin en eggenoot, en twee kleinkinders.

Piet Westra (Raadslid)
Pinelands
Afgetrede bibliotekaris en steeds aktief as ’n klein uitgewer

12 Desember 2017

Sien ook Martiens van Bart se huldeblyk:
https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/hans-fransen-se-dood-laat-n-leemte-20171213